BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Vrydag 13 Januarie 1978 — WINDHOEK — Friday 13 January 1978 — No. 3691

INHOUD: *Bladsy*

PROKLAMASIE:

No. AG. 2 Wysigingsproklamasie op die Beheer van die Vleishandel, 1978 1

CONTENTS: *Page*

PROCLAMATION:

No. AG. 2 Control of Meat Trade Amendment Proclamation, 1978 1

PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA
(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 Januarie 1978)

No. AG. 2 1978

WYSIGING VAN VLEISHANDELBEHEERORDONNANSIE, 1962, TEN EINDE DIE BEVOEGDHEDE VAN DIE VLEISHANDELBEHEERRAAD VERDER TE REËL, VOORSIENING TE MAAK VIR DIE OPLEGGING VAN 'N SPESIALE HEFFING EN VIR BYKOMSTIGE AANGELEENTHEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 11 Januarie 1978

BYLAE

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 20 van 1962

1. Artikel 4 van die Vleishandelbeheerordonnansie, 1962 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Benewens enige ander bevoegdhede by hierdie Ordonnansie aan die raad verleen, het die raad ook die bevoegdheid om —

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA
(Approved by the State President on 7 January 1978)

No. AG. 2 1978

AMENDMENT OF MEAT TRADE CONTROL ORDINANCE, 1962, SO AS TO FURTHER REGULATE THE POWERS OF THE MEAT TRADE CONTROL BOARD, TO PROVIDE FOR THE IMPOSITION OF A SPECIAL LEVY AND FOR INCIDENTAL MATTERS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 11 January 1978

SCHEDULE

Amendment of section 4 of Ordinance 20 of 1962

1. Section 4 of the Meat Trade Control Ordinance, 1962 (hereinafter referred to as the Ordinance), is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) In addition to any other powers conferred upon the board by this Ordinance, the board shall also have the power —

(a) geld of goed aan te neem wat by wyse van skenking, toekenning of andersins aan die Raad gegee word;

(b) met die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur-generaal geld te leen ten einde die welvaart van die vleisnywerheid of vleishandel te bevorder.".

Vervanging van artikel 6 van Ordonnansie 20 van 1962, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 69 van 1972

2. Artikel 6 van die Ordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Oplegging van heffings en spesiale heffings.

6. Die raad het die bevoegdheid om 'n heffing en 'n spesiale heffing deur die Administrateur-generaal goedgekeur, op te lê op alle beeste, skape, bokke en varke wat vir handelsdoeleindes binne die Gebied geslag word en op lewende hawe wat uit die Gebied uitgevoer word: Met dien verstande dat die Administrateur-generaal sodanige heffing of spesiale heffing, van tyd tot tyd, mag wysig of opskort.".

Vervanging van artikel 6B van Ordonnansie 20 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 69 van 1972

3. Artikel 6B van die Ordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Spesiale fonds van raad.

6B. (1) Die raad moet 'n spesiale fonds instel waarin hy die opbrengs van die spesiale heffing opgelê kragtens artikel 6, en die ander gelde deur hom ontvang wat die Administrateur-generaal bepaal, moet stort.

(2) Die raad kan met die Administrateur-generaal se voorafverkreë goedkeuring geld in die spesiale fonds aanwend ten einde die welvaart van die vleisnywerheid of vleishandel te bevorder.".

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 20 van 1962, soos gewysig deur Proklamasie R.123 van 1970, Proklamasie R.121 van 1971 en artikel 4 van Wet 69 van 1972

4. Artikel 9 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (h) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(h) die tye wanneer en die wyse waarop en die persone deur wie die heffing en spesiale heffing kragtens artikel 6 opgelê, betaal moet word;".

(a) to accept moneys or property which is given to it by way of donation, award or otherwise;

(b) with the prior approval of the Administrator-General, to borrow moneys in order to promote the welfare of the meat industry or the meat trade.".

Substitution of section 6 of Ordinance 20 of 1962, as amended by section 1 of Act 69 of 1972

2. The following section is hereby substituted for section 6 of the Ordinance:

"Imposition of levies and special levies.

6. The board shall have the power to impose a levy and a special levy, approved by the Administrator-General, on all cattle, sheep, goats and pigs slaughtered for purposes of trade within the Territory and on livestock exported from the Territory: Provided that the Administrator-General may from time to time vary or suspend such levy or special levy.".

Substitution of section 6B of Ordinance 20 of 1962, as inserted by section 3 of Act 69 of 1972

3. The following section is hereby substituted for section 6B of the Ordinance:

"Special fund of board.

6B. (1) The board shall establish a special fund into which it shall pay the proceeds of the special levy imposed under section 6, and such other moneys received by it as may be determined by the Administrator-General.

(2) The board may with the prior approval of the Administrator-General utilize money in the special fund in order to promote the welfare of the meat industry or the meat trade.".

Amendment of section 9 of Ordinance 20 of 1962, as amended by Proclamation R.123 of 1970, Proclamation R.121 of 1971 and section 4 of Act 69 of 1972

4. Section 9 of the Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (h) of the following paragraph:

"(h) the times when and the manner in which, and the persons by whom the levy and special levy imposed under section 6 shall be paid;".

Vervanging van lang titel van Ordonnansie 20 van 1962

5. Die lang titel van die Ordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"Om 'n vleishandelbeheerraad in te stel en om voorsiening te maak vir die beheer van die uitvoer van lewende hawe, vir die oplê van 'n heffing en 'n spesiale heffing op geslagte lewende hawe, en in die algemeen vir die reëling van die verkoop en gradering van slagvee en vleis en die beheer van die vleishandel.".

Kort titel

6. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Beheer van die Vleishandel, 1978.

Substitution of long title of Ordinance 20 of 1962

5. The following long title is hereby substituted for the long title of the Ordinance:

"To establish a meat trade control board and to make provision for the control of the export of livestock, for the imposition of a levy and a special levy on slaughtered livestock and generally for the regulation of the sale and grading of slaughter stock and meat and the control of the meat trade.".

Short title

6. This Proclamation shall be called the Control of Meat Trade Amendment Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.